# STANDAARD OPERASIONELE PROSEDURE

## HANTERING VAN POTENSIEEL BELEMMERDE STUDENTE: FAKULTEIT GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Hierdie dokument is ‘n verkorte weergawe van die Fakulteitsprotokol oor die hantering van potensiëel belemmerde studente.

Personeel wat betrokke is by die mediese en sielkundige hantering van studente, word soms gekonfronteer met die moontlikheid dat die student se mediese en/of sielkundige toestand, potensieel kan inmeng met die student se onafhanklike funksionering as geregistreerde gesondheidswetenskaplike.

Dit kan die volgende voorbeelde insluit, maar is nie daartoe beperk nie:

- studente wie ’n ernstige en herhalende psigiatriese siekte / toestand het en wie se funksionering daardeur belemmer sou kon word,
- studente wat aan ’n ernstige en chroniese of herhalende fisiese toestand ly en wie se funksionering daardeur belemmer sou kon word,
- studente wat in ’n psigiatriese kliniek opgeneem is,
- studente wat hulle skuldig maak aan onwettige middelmisbruik;
- studente wat tekens van ernstige misbruik van of afhanklikheid aan alkohol of medikasie vertoon.

Sodanige toestande kan potensieel ’n impak hê op onafhanklike professionele funksionering en <u>behoort volgens wet aangemeld en bestuur te word</u>.

Die volgende is die proses wat gevolg word in die hantering van sulke studente:

1. ’n Sentrale komitee vir die hantering van hierdie studente is binne die Fakulteit, die Interne Gesondheidskomitee (IGK) gestig. Die Komitee bestaan uit die Visedekaan: Onderrig; die relevante Programkoördineerder, en ‘n psigiater.

2. Studente self, hul ouers, medestudente, SSVO en KGD dosente of koshuispersoneel kan by die IGK om hulp aanklop.

3. Insameling van agtergrond en inligting vind plaas sodat die Voorsitter hom-/haarself kan vergewis dat die aanmelding bona fide is en dat die student verder deur die Interne Gesondheidskomitee hanteer behoort te word.

4. Indien aanmeldingswaardig, word die Interne Gesondheidskomitee byeengeroep en beraadslaag oor moontlike verdere aksie.

5. Verslae word aangevra van die geneesheer en/of kliniese sielkundige en/of kliniek waar die student behandel word.

6. ŉ Onderhoud word met die student gevoer indien nodig.

7. Besluite word geneem ten opsigte van die student se vermoë om as geregistreerde student te werk, aldan nie. Alle besluite en aanbevelings word aan die student en behandelende gesondheidspersoneel teruggevoer

8. Die student word ingelig oor die verdere prosedure en toepaslik verwys (indien nie reeds behandel word nie).

9. Indien die verslae aandui dat die student herstel het of die toestand in remissie is, besluit die komitee oor toekomstige monitering al dan nie.

10. Indien die student steeds probleme ervaar, kan verdere / verlengde behandeling voorgestel word en besluit word of die student se toestand ernstig genoeg is om formeel by die Gesondheidskomitee van die RGBSA aan te meld.

11. In die geval waar ŉ student ŉ Universiteitsregulasie oortree het as deel van ŉ siekteproses, word geskakel met die Sentrale Dissiplinêre Komitee van die Universiteit.

Dokument opdateer: 14 April 2008